



VOORBEELD


Conquesta 2014

(Internasionale Meervoudige-keuse Primêre Skool Olimpiades – Gev. 1998)

Conquesta, Posbus 99, Kloof, 3640, Suid-Afrika

Tel: (031) 764-1972 * Faks: (086) 637-7808 of (031) 764-0074


E-Pos adres: conquest@iafrica.com * Webtuiste: www.conquestaolympiads.com



Afrikaans 2 (Eerste Addisionele Taal) – Graad 4

Welkom by jou Conquesta Olimpiade. Wanneer jy besluit het watter van die antwoorde die korrekte een is, krap die letter op die ooreenstemmende blokkie op jou antwoordvel dood deur **SLEGS 'n swart of blou balpunt- of swart kokipen** te gebruik. (Moet asseblief nie potlode, kleurpotlode, glimpenne, flaterwater of gom gebruik nie.) Byvoorbeeld, as die antwoord op vraag 4 c is, krap die letter c in die blokkie wat c langs nommer 4 bevat, dood. (Sien voorbeeld 1 hieronder.) Indien 'n leerder 'n fout maak en eerder b as die antwoord wil merk, moet c netjies doodgetrek word en b gemerk word (Sien voorbeeld 2 hieronder.)

Voorbeeld 1:-



Voorbeeld 2:-



Lees die leesstuk oor Juffrou Matilda se nuwe huis hieronder en beantwoord dan die vrae.

Juffrou Matilda se nuwe huis

Juffrou Matilda woon in 'n baie geel huis met 'n pragtige uitsig op die berge. Sy het 'n hond met die naam Klarabel, 'n kat genaamd Karel en twee voëls, Kiepie en Kuifie.

Elke oggend spring juffrou Matilda uit die bed, borsel haar tande, trek aan, sit haar hoed op en eet ontbyt onder die breëblaarboom terwyl sy na die blou berge kyk. Na ontbyt vee sy die paadjie met 'n grasbesem en gee die voëls en diere kos. Daarna gooi sy die blomme en groente in haar tuin nat en geniet 'n ligte middagete op die stoep. Smiddae dut sy in haar hangmat tussen die twee wiegende palms en eet dan aandete onder die sterre. Soms speel sy op haar viool en sing 'n paar liedjies en dan gaan sy slaap. Dis 'n wonderlike lewe en was dit nie vir een ding nie, sou juffrou Matilda heeltemal gelukkig gewees het. Sy wonder gedurig of sy nie dalk nog gelukkiger sal wees aan die ander kant van die berge nie. En hoe meer sy daarna kyk, hoe meer wonder sy.

Toe, eendag, spring juffrou Matilda uit die bed en sê: "Opstaan, opstaan, almal! Vandag trek ons! Kom ons begin inpak!" Hulle pak al die kiste, mandjies en sakke vol en laai alles op die handkar. Hulle waai totsiens vir die huis en die tuin, die breëblaarboom en die twee wiegende palms, en vat die pad na die blou berge.

"O, ek is so opgewonde!" roep juffrou Matilda uit. "Ek kan skaars wag om anderkant die berge te kom!" Hulle stap en stoot die handkar baie ver, deur landerye, in reën en sonskyn, opdraand en afdraand. Op party plekke is die blomme hoër as juffrou Matilda! Hulle kan amper nie sien waar om te loop nie. "Ons loop verkeerde kant toe," sê Karel, "Is nie," knor Klarabel. Hulle stry aanmekaar en dit maak juffrou Matilda byna gek. "Hou nou op, julle twee," sê sy. "Alles sal reg wees sodra ons anderkant uitkom."

Juffrou Matilda klim in 'n boom, maar kan nog nie sien waar hulle is nie. Moet hulle links of regs? Sy weet glad nie. Verder en verder loop hulle, dae en nagte lank. En hoe verder hulle loop, hoe meer verdwaal hulle. Dit voel later asof hulle nooit iewers gaan uitkom nie.

"Ek wil teruggaan na ons mooi ou huis," sê Klarabel. "Ek ook," kla Karel. "As julle nie nou ophou neul nie, los ek julle net hier!" sê juffrou Matilda. Juffrou Matilda besluit toe om Kiepie en Kuifie vooruit te stuur. Hulle kan hoog vlieg en die pad soek. Maar Kiepie en Kuifie vergeet somer maklik waar hulle was. "Hulle is hopeloos!" kla Karel. "Ons kan dae lank hier sit voor hulle ons kry. Ek dink ons loop in sirkels." Maar eindelijk kom Kiepie en Kuifie terug, en juig dat die bos weergalm. "Ons is daar! Ons is daar! Kom kyk! 'n Pragtige huis. Kom kyk!" En daar is dit... "My liewe tyd!"

- Wie bly in 'n geel huis?**
(a) Mnr. Matilda. (b) Mev. Matilda.
(c) Mej. Matilda. (d) Madame Matilda.
- Hoeveel troeteldiere het Juffrou Matilda?**
(a) Veer. (b) Vier.
(c) Drie. (d) Vierde.
- Juffrou Matilda het 'n mooi uitsig. Sy kan die berge**
(a) hoor. (b) proe.
(c) voel. (d) sien.
- As iets baie geel is, is dit**
(a) goudgeel. (b) piesanggeel.
(c) songeel. (d) sonneblomgeel.
- Berge wat baie blou is, is**
(a) bottelblou. (b) potblou.
(c) hemelblou. (d) uitsigblou.
- Die naam van die voëltjie is moontlik Kuifie, want daar is**
(a) veertjies op sy kop wat regop staan.
(b) hare op sy kop wat regop staan.
(c) pels op sy kop wat regop staan.
(d) 'n hoed op sy kop.
- 'n Mens eet ontbyt in die**
(a) oggend. (b) middag.
(c) aand. (d) nag.
- Die woord 'dut' beteken**
(a) hardloop. (b) lees.
(c) slaap. (d) eet.
- Na aandete ontspan juffrou Matilda deur**
(a) TV te kyk.
(b) boek te lees.
(c) met die diere te speel.
(d) 'n instrument te speel.
- Hoekom is juffrou Matilda nie heeltemal gelukkig nie?**
(a) Sy wonder of sy gelukkiger kan wees.
(b) Sy het te veel diere.
(c) Sy werk te hard.
(d) Sy hou nie van die berge nie.

11. 'n Handkar word gestoot en het nie 'n

- (a) wiel (b) enjin
(c) handvatsel (d) plek vir tasse

